# Verkragter van driejarige steek homself in nek kort ná lewenslange tronkstraf-vonnis

Jackie Kruger

Hoogdrama het hom gister in die streekhof in George afgespeel toe die verkragter van ’n driejarige meisie homself met ’n skerp voorwerp in die nek gesteek het kort nadat hy lewenslange tronkstraf opgelê is.

Die vonnisverrigtinge van Ian Hoggins (54), oorspronklik van Gqeberha, sou aanvanklik in die streekhof in Thembalethu (buite George) plaasgevind het. Dis egter later die oggend na die streekhof in George verskuif omdat die spesifieke hof in Thembalethu oorstroom het, blykbaar weens ’n gebarste pyp.

Hoggins is volgens inligting van die Nasionale Vervolgingsgesag op 24 Junie skuldig bevind op aanklagte van verkragting, seksuele aanranding en die besit van 124 beelde van kinderpornografie.

Die misdrywe het in 2020 plaasgevind toe die meisie drie jaar oud was. Sy is nie aan Hoggins verwant nie.

Streeklanddros Eugenia Jacobs het Hoggins tot lewenslange tronkstraf gevonnis op die aanklag van verkragting, nog vyf jaar weens seksuele aanranding en agt jaar weens die besit van kinderpornografie. Die vonnisse sal samelopend uitgedien word.

Die verdediging het toe aangedui dat Hoggins sy borgtog wil verleng (sodat hy vir sy appèl kan voorberei). Die staat het aangedui hy gaan die aansoek teenstaan.

Jacobs het ná ’n kort verdaging aangedui dat Hoggins dadelik sy vonnis moet begin uitdien. Hoggins het kort daarna in die beskuldigdebank sy vuis begin rondswaai en homself toe ten aanskoue van hofgangers met ’n skerp voorwerp in die nek gesteek.

’n Ambulans is ontbied terwyl personeel ’n doek teen Hoggins se nek gedruk het.

Dit het egter geblyk dat hy nie ’n slagaar raakgesteek het nie. Paramedici was ’n ruk lank met Hoggins in die hofsaal doenig, waarna hy op ’n draagbaar onder polisietoesig in ’n ambulans weggeneem is.

Jacobs het onder meer in haar uitspraak gesê Hoggins is aan ernstige aanklagte skuldig bevind op misdade wat nie net in die gebied voorkom nie, maar oral in Suid-Afrika.

Volgens haar was daar ’n verandering in die meisie se gedrag te bespeur ná die voorval. Die kind moes medikasie kry, het haar bed natgemaak en wou nie in die teenwoordigheid van mans wees nie.

Jacobs het ook gesê Hoggins, wat skuld ontken het, aanvaar steeds nie verantwoordelikheid vir sy dade nie en geen versagtende omstandighede bestaan wat haar van die maksimum vonnis kan laat afwyk nie.

Sy het ook gesê daar word van volwassenes verwag om kinders te beskerm.

Hoggins se naam sal in die register vir seksoortreders opgeneem word.
**– jkruger@24.com**

# Hofgangers verbaas oor transgender ‘Betty’ op verkragklag in beskuldigdebank is

Daar was Donderdag ’n beroering in Goodwood se landdroshof toe ’n transgender vrou haar plek in die beskuldigdebank moes inneem om tereg te staan op ’n aanklag van verkragting.

Sy dra dalk wetlik nog die name van ’n man, maar die beskuldigde het in ’n swart spanbroek met uitskoppype, los swart pluisstofbaadjie, swart tekkies en met lang swart hare in ’n los deurmekaar bolla met die trappe vanuit die hofselle opgestap. In die beskuldigdebank het sy die mansname op haar identiteitsdokument bevestig, maar benadruk sy is nou ’n transgender vrou. “Noem my Betty, asseblief,” het sy die landdros gevra.

Toe die staatsaanklaer die klagte van verkragting voorlees, het daar eers ’n doodse stilte in die hofsaal geheers en toe klink murmurering vanuit die hofbanke. Die hofordonnans moes die hofgangers tot bedaring maan. Die klaagster in die saak is glo Betty se 23-jarige meisie. Intussen is Betty op R800 borgtog vrygelaat en deur die landdros gewaarsku om nie direk of indirek met die slagoffer kontak te maak nie. **– Maygene de Wee**


BOSTON CID

**KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING**

Die Boston Community Improvement District NPC (Boston CID) gaan ’n algemene jaar-vergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na ’n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2026/2027.

Datum: 23 Oktober 2025
Tyd: 18:30
Plek: Vredelust NG Kerk 87 13de Laan.
Boston

Net bona fide-lede van die Boston Community Improvement District kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die Boston CID se gebied wat vir die bykomende heffing aan-spreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 14 Oktober 2025 geregistreer wees.

**Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.bostoncid.co.za of bel 0761976816.**






Daagliks oop 09:30 - 18:00 • Dockweg, V&A Waterfront • Tel: 021 418 3823
Sluit aan by www.aquarium.co.za
Two Oceans AQUARIUM
Explore • Experience • Engage


# Skurke galop te perd weg met byna 100 lêhoenders

Carl Thomas

’n “Georganiseerde groep” van ongeveer 10 mense op perde het Woensdag kort ná middernag op ’n plaas in Mamre net buite Atlantis toegeslaan, byna 100 lêhoenders in voersakke geprop en daarmee spore gemaak.

Lindy Kraak de Vos (45) van die Driftshoogte-plaas waar die voorval gebeur het, sê die ruiterbende het Woensdag omstreeks 01:00 op haar huurplaas sowat ’n kilometer buite die dorp toegeslaan.

De Vos huur die stuk grond waarop sy met groente, lêhoenders en varke boer al sedert 2021.


De Vos het van die voorval bewus geword toe haar werknemer op die plaas deur die geraas wakker gemaak is. Die werknemer het gesien hoe die skurke op hul perde met voersakke wegjaag en toe agtergekom die hoenders en voer is weg.

Volgens De Vos kon haar werknemer niks doen nie, aangesien die groep skurke hom sou oorweldig.

Sy sê die groep het “voorbereid gekom”.

“Hulle het allerhande gereedskap gehad. Hulle was nogal ’n heel georganiseerde groep.”

Die diewe het eers die afgekampte area waarin die hoenderhokke was met hul gereedskap oopgeknip, waarna hulle die hoenderhokke oopgeknip het.



**Die oopgeknipte leë hoenderhokke.**
Foto: VERSKAF

Die groep het toegang tot die plaas van sowat 45 hektaar gekry deur ’n opening langs die hoofhek.

Dié opening langs die hoofhek is spesifiek vir mense wat op De Vos-hulle se plaas of die omliggende plase kom perdry en ook die rede hoekom al hul plekke waar hulle diere aanhou, afgekamp is. Volgens haar mag hulle nie mense toegang tot die grond weier nie, omdat daar ook ’n hoofpad deur hul plaas loop wat mense toegang tot die nabygeleë plase bied. Volgens De Vos is die groep met 96 lêhoenders en sewe sakke voer weg. Sy sê haar verliese beloop bykans R20 000. Geeneen van die ander plase om De Vos is geraak nie. Sy noem wel dat baie kleinboere in Mamre die afgelope tyd geteiken is. “Dit is so hartseer dat jou eie mense dit aan jou doen. 96 hoenders is weg en dan piep niemand in die gemeenskap eens ’n woord nie.”

De Vos sê dit is ook moeilik om vas te stel wie die skurke kan wees, aangesien daar baie jongspanne met perde in Mamre en die omliggende Atlantis en Pella-gebiede is.

Sy is al voorheen ook geteiken, maar dit was gewoonlik net mense wat groente kom uitruk het, vertel sy. Woensdag was die eerste keer dat haar pluimvee gesteel is.

“R20 000 is ’n groot slag vir ons kleinboere. Dit is hartverskeurend wanneer jy dink jy beweeg ’n bietjie vorentoe, en jou eie mense kom slaan jou weer ’n tree agteruit.”

Allister Lightburn, wykraadslid, sê veediefstal is deesdae baie algemeen in sy wyk. Die diefstal van perde is self ook ’n kopseer.

“Dit is absoluut hartseer dat iemand wat ’n eerlike bestaan wil maak deur te boer so ’n onreg aangedoen word en ek hoop dat die skuldiges aangekeer sal word en met die volle mag van die gereg te doen kry.”

Die polisie sê die voorval het op die Ou Mamre-Darling-pad gebeur. ’n Saak van veediefstal word ondersoek. Enigiemand met inligting kan die Stop Misdaad-nommer, 08600 10111, skakel. **– carl.thomas@media24.com**